

VERBODE, BEPERKTE EN NAGEMAAKTE GOEDERE

Wat is verbode en beperkte goedere?

Die hoof verskil tussen verbode en beperkte goedere is dat:

- verbode goedere word nooit, onder enige omstandighede, toegelaat om Suid-Afrika binne te kom of te verlaat nie
- beperkte goedere word toegelaat om Suid-Afrika te verlaat of binne te kom, slegs onder bepaalde omstandighede of ingevolge bepaalde voorwaardes, byvoorbeeld met toon van 'n permit, sertifikaat of magtigingsbrief van die toepaslike regeringsdepartement, instansie of liggaam.

SARS administreer bepaalde verbodsbepalings of beperkings ingevolge artikel 113(8)(a) van die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, namens 'n aantal regeringsdepartemente, instansies of liggame, byvoorbeeld die Departemente van Landbou, Bosbou en Visserye, Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies (NRCS), die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), om maar 'n paar te noem.

Verbodsbepalings en beperkings is nie beperk tot goedere deur reisigers gedra nie, maar is ook van toepassing op middele van vervoer (pad, spoor, lug, see, pos of ander). Dit beteken dat produkte wat aan enige verbodsbepalings of beperkings onderhewig is, aan sodanig onderhewig sal wees, ongeag die vorm van pak of verpakking waarin dit in- of uitgevoer word.

Bykomend tot die verbodsbepalings en beperkings, moet die status van die goedere ook as volg verklaar word:

- N vir nuwe goedere;
- U vir gebruikte goedere; en
- S vir tweedehandse goedere.

Die verbodsbepalings en beperkings van alle verskillende regeringsdepartemente, instansies of liggame, word saamgevat in die *Consolidated List of Prohibited and Restricted Imports and Exports*, wat hier vir maklike verwysing beskikbaar gestel word.

Die lys word gekategoriseer volgens die tariefstruktuur van die *Harmonised Commodity Coding and Description System* - algemeen bekend as die HS-tarief of tariefboek, waardeur goedere geklassifiseer word met in- of uitvoer.

- [Consolidated list of Prohibited and Restricted Exports and Imports](#)

Nagemaaakte goedere

Een van die hoof doeleindes van die Wet op Nagemaaakte Goedere, nr. 37 van 1997, is om die vrystelling van nagemaaakte goedere in die plaaslike Suid-Afrikaanse mark te vermy.

SARS-beamptes mag, ingevolge artikel 113A van die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, enige goedere, met invoer na Suid-Afrika, terughou om na te gaan of die goedere wel nagemaaakte goedere is soos beskou in die Wet op Nagemaaakte Goedere, 1997. Hierdie aksies word uitgevoer namens die Departement van Handel en Industrie ingevolge wie se gesag die Wet op Nagemaaakte Goedere, 1997, geadministreer word (soos bepaal in artikel 15(1) van die Wet op Nagemaaakte Goedere, 1997).

Die volgende aksies of goedere is verbode en sal ingesluit word in die bepaling van welke die aksies/goedere die vereistes, soos bepaal in die Wet op Nagemaaakte Goedere, 1997, nakom aldan nie:

- Die besit van of beheer oor nagemaaakte goedere met doel om daarmee handel te dryf;
- Vervaardiging, produsering of maak van nagemaaakte goedere, insluitend die hou, stoor of verpakking daarvan, behalwe vir privaat en huishoudelike gebruik;
- Nagemaaakte goedere wat blootgestel word vir verkoop, verhuring, uitruil of ruil;
- Nagemaaakte goedere wat in die publiek uitgestal word vir handelsdoeleindes;
- Nagemaaakte goedere wat vir handels- of ander doeleindes versprei word;
- Nagemaaakte goedere wat ingevoer word na of deur, of uitgevoer word van Suid-Afrika; of
- Die handeling van handeldryf in nagemaaakte of vermoedelike nagemaaakte goedere.

Artikel 15(1) van die Wet op Nagemaakte Goedere, 1997, geregtig die eienaar van intellektuele eiendom om by die SARS Kommissaris aansoek te doen om goedere te konfiskeer en terug te hou, wat bepaalde intellektuele eiendomsregte inkorporeer gedurende 'n bepaalde tydperk en die oortreding bereken wat ingevolge daarvan kan bestaan, of help met die beskerming van daardie reg vir daardie tydperk. Sodanige toepassing word na verwys as 'n Artikel 15 Aansoek en moet gestuur word aan: Nasionale Koördineerder: Nagemaakte Goedere, Lehae la SARS, Bronkhorststraat 299, Nieuw Muckleneuk, Pretoria; of Privaatsak X923, Pretoria, 0001, vir oorweging.

Intellektuele eiendomsregte word omskryf in artikel 1 van die Wet op Nagemaakte Goedere, 1997, en sluit goedere in wat handelmerke bevat, oor kopiereg beskik of bepaalde merke wat ingevolge die Wet op Handelsmerke, 1993, die Wet op Kopiereg, 1978 of die Wet op Handelswaremerke, 1941, afsonderlik gereguleer word.